

**OKTOBER 2024  
IN OORSIG**



## **EKONOMIESE- EN MARKOORSIG**

**Soos verwag, het spekulاسie oor die Amerikaanse verkiesing die nuus in Oktober totaal oorheers. Namate Donald Trump momentum gekry het in die meningspeilings oor die Amerikaanse verkiesing, het dit al meer begin lyk asof die “Trump-handel” die dryfkrag agter van die meer onlangse bewegings in die finansiële markte was.**

Aangesien Trump se voorgestelde beleide heel moontlik inflasionêr sal wees, moes markte die idee verwerk dat die Fed se verligtingsiklus waarskynlik minder aggressief sal wees indien Trump die verkiesing wen (wat toe wél die geval was) en dat dit tot verdere versterking van die dollar, wat reeds op sy hoogste vlak sedert Augustus was, sal lei. Die konsensus-siening was dat aandele heel moontlik 'n hupstoot sal kry in die geval van 'n Trump-oorwinning na 'n Republikeinse skoonmaaksessie, gegewe Trump se besigheidsvriendelike beleide soos korporatiewe belastingvermindering. Ons sal maar moet wag en sien.

Die Eurogebied se vinnige skatting van Oktober se hooflynverbruikersinflasie het vanaf 1.7% jaar tot jaar in September na 2.0% gestyg, terwyl die kernmaatstaf stewig teen 2.7% jaar tot jaar bly staan het. Hierdie styging in die hooflynkoers was te wagte. 'n Groot sondebok was energiepryse (wat met 0.4% oor die maand gestyg het, na dit die vorige maand met 1.7% gedaal het) eerder as 'n fundamentele toename in die druk op pryse. Hierdie toename in hooflyninflasie sal egter nie sômmêr die huidige koers van rentekoerse wat deur die beheerraad van die Europese Sentrale Bank bepaal is, omverwerp nie. Markverwagtinge dui op nog een 25-basispunteverlaging voor die einde van die jaar, gevolg deur 'n totale verlaging van 1% in 2025.

Suid-Afrika se Minister van Finansies, Enoch Godongwana, het in Oktober die eerste mediumtermyn-begrotingsrede van die nuutgevormde Regering van Nasionale Eenheid (RNE) gelewer. Dit het heelwat klem op die ontwikkeling van infrastruktuur in Suid-Afrika geplaas, met 'n breë benadering wat 'n nuwe finansiering- en evaluasiestelsel, toename in openbare-private-vennootskappe en 'n nuwe benadering tot infrastruktuurleening insluit. Infrastruktuurbelegging het vanaf 20% van Suid-Afrika se bruto binnelandse produk (BBP) in 2008 na 14% in die tweede kwartaal van 2024 gedaal aangesien die bruto vaste kapitaalvorming ('n ander term vir vaste belegging) en swak BBP-groei beleggersaptyt bederf het.

Suid-Afrika se handelsbalans het na 'n surplus van R12,8 miljard gestyg na dit in Augustus R5.1 miljard was. Hierdie resultaat, wat hoër as die konsensusvoorspelling (Bloomberg) van 'n surplus van R5.0 miljard was, is deur 'n 3.5%-styging (maand tot maand) in uitvoere na R170.7 miljard ondersteun, terwyl invoere met 1.3% na R157.9 miljard gedaal het.

Reuters voer aan dat die marktaandeel van die Organisasie van Petroleumuitvoerlande (OPUL) tot historiese laagtepunte gedaal het as gevolg van laer uitsette sedert 2022 en toenames in voorsiening deur Amerika

en ander produsente; dít volgens die Internasionale Energie Agentskap (IEA). Volgens Reuters se berekening gebaseer op IEA-syfers, is OPUL+ se olieproduksie gelykstaande aan 48% van wêreldwye olievoorsiening. Saoedi-Arabië se ru-olieproduksie is minder as 10% van die wêreldmark, terwyl Amerika se olieproduksie tot 20% van wêreldwye voorsiening gestyg het.

Die 2024 BRICS-beraad (wat die sestiende jaarlikse BRICS-beraad was) is in Kazan, Rusland gehou. Dit was die eerste BRICS-beraad waar Egipte, Ethiopië, Iran en die Verenigde Arabiese Emirate as lede ingesluit is sedert hul toetrede tot die organisasie tydens die vorige BRICS-beraad. Suid-Afrika se afgevaardigdes is deur president Cyril Ramaphosa gelei, met die Indiese Premier, Narendra Modi, en die Chinese President, Xi Jinping, ook teenwoordig. 'n Paar kontroversiële politieke uitlatings is gemaak en die BRICS-lede het 'n betalingstelsel genaamd BRICS Pay bekendgestel. Hierdie stelsel is ontwerp om transaksies en die uitruil van finansiële inligting tussen die sentrale banke van die vennootlande te fasiliteer en dien dus as 'n alternatief vir die Westerse interbankstelsel, SWIFT.



## MARKPRESTASIE

Na die maand goed afgeskop het met heelwat ontwikkelde aandelemarkte wat teen rekordhoogtes verhandel het, was daar 'n afverkoping in die MSCI Wêreldindeks en die indeks het sy tweede negatiewe maand vir die jaar aangeteken (-1.0%). Die afverkoping in die tweede helfte van die maand het saamgeval met beter as verwagte Amerikaanse ekonomiese data wat daartoe gelei het dat beleggers hul verwagtings van koersverlagings deur die Fed verlaag het – wat daarop dui dat aandeelwaardasies afhanklik is van laer monetêre beleidskoerse.

In 'n soortgelyke wyse het die optimistiese data en die toenemende waarskynlikheid van 'n Republikeinse oorwinning in die Amerikaanse verkiesing die Amerikaanse effektekoeerse in Oktober opgestoot – die 10-jaar staatseffek het die maand 0.5% hoër afgesluit en alle ander risikobates, insluitend ontluikende markaande (le) (-2.8%) en effekte (-0.3%), afgestoot. Die verkiesingsuitslag het vanselfsprekend tot verdere markonstuimigheid gelei.

Volgens Visio Capital het plaaslike aande (le) (-0.9%) hul ontluikende mark eweknieë uitgestof. Dit was te danke aan die sterk prestasie van hulpbronne (2.5%), met goudaande (le) aan die voortou. Na vier maande van dalende effektekoeerse en die verstryking van die verkiesingsrisiko-premie wat in koerse ingereken was, het Suid-Afrikaanse effekte in Oktober verswak (-2.2%) in lyn met globale markte, alhoewel dit steeds vir die jaar tot sover aansienlik beter gevaar het as die ontluikende mark-totaal.

MARKINDEKSE <sup>1</sup>	31 OKTOBER 2024		
(Alle opbrengste in rand tensy anders aangedui)	3 maande	12 maande	5 jaar <sup>2</sup>
SA aande (le) (JSE indeks van alle aande (le))	4.5%	27.2%	12.8%
SA eiendom (S&P SA REIT indeks)	15.3%	55.6%	2.3%
SA effekte (SA indeks van alle effekte)	4.0%	21.3%	9.4%
SA kontant (STeFI)	2.1%	8.5%	6.1%
Globale ontwikkelde aande (le) (MSCI wêreldindeks)	-0.3%	26.6%	16.2%
Ontluikende mark-aande (le) (MSCI indeks vir ontluikende markte)	0.9%	18.8%	7.7%
Globale effekte (Bloomberg Barclays globale indeks van alle effekte)	-2.2%	3.3%	1.6%
Rand/dollar <sup>3</sup>	-2.8%	-5.7%	3.3%
Rand/sterling	-2.7%	-0.1%	3.1%
Rand/euro	-2.5%	-3.1%	2.7%
Goudprys (USD)	12.8%	37.9%	12.6%
Olieprys (Brent ru-olie, USD)	-9.4%	-16.3%	4.0%

1. Bron: Factset

2. Alle prestasiesyfers vir meer as 12 maande word geannualiseer.

3. 'n Negatiewe syfer impliseer dat minder rande per Amerikaanse dollar betaal word, so dit dui op 'n versterking van die rand.

# HET JY GEWEET?

## HOE OM IN 'N WÊRELD VAN VALS NUUS TE OORLEEF

**“It ain’t what you don’t know that gets you into trouble. It’s what you know for sure that just ain’t so.”**

Verskeie<sup>1</sup>

Ons word daagliks omring deur getalle in die nuus: daar is 'n 49% kans dat 'n aanklaer/oortreder die volgende Amerikaanse President sal wees, 1 uit 10 mense wat vandag leef, sal ouer as 100 jaar word, 68% van statistieke word net daar uitgedink. Die voorbeelde is eindeloos en ons word oorweldig deur allerhande numeriese en statistiese uitsprake deur bekendes, politikusse, analiste en selfs ons bure. Buitengewone (maar onware) stellings, vol syfers en persentasies, is een van die grootste instaatstellers van vals nuus.

Maar hoe gemaak met die konstante instroming van inligting wat ons inbokse, sosiale blaaië en, uiteindelik, ons gedagtes oorspoel? Een benadering sou wees om eenvoudig niks te vertrou nie. Mompel iets oor “die verdomde leuens” of vertel 'n grappie oor 'n statistikus wat by kroeg instap? Dit is dalk nie die beste uitweg nie.

Tim Harford ('n ekonomiese joernalis) stel 'n ander benadering voor: die drie C's van datakundigheid. Hy beveel hierdie benadering aan om sin te maak uit statistieke:

### Wees kalm (“Calm”)

Die meeste statistieke gaan met 'n verskeidenheid emosies gepaard. Hulle is veronderstel om ons kwaad, bly of bang te maak. Skokkende misdaadsyfers, Eskom se enorme skuldmas of die omvang van regeringskorrupsie word opgedis om aandag te trek. Hierdie getalle is die rede waarom iets op sosiale media soos veldbrand versprei of as nuusopskrifte pronk – dit word ontwerp om spesifieke emosies te wek. Daar is niks daarmee verkeerd om emosies te ervaar nie, maar dit belemmer ons vermoë om helder te dink. So, voordat jy 'n plasing deel waaroor jy woedend is, neem 'n oomblik om jou instinktiewe reaksie te identifiseer. Dit wissel dalk van woede tot ontkenning tot regverdiging (“Ek het mos vir jou gesê.”). Sodra jy hierdie reaksie herken het, haal diep asem en kyk weer na die statistiek. Dit lyk dalk nou heeltemal anders.

### Kry konteks (“Context”)

As 'n koerantopskrif, byvoorbeeld, beweer dat Nvidia (wat op enige gegewe dag die grootste of tweede grootste maatskappy in die wêreld is, gemeet aan markkapitalisasie) \$50 miljard vir beleggers verloor het, klink dit soos 'n enorme bedrag. Voeg daarby dat 'n opmerking deur een of ander politikus of sakeleier daartoe gelei het en dus die waarde van hierdie aandele “vernietig” het, en emosies kan maklik die oorhand kry. 'n Goeie plek om te begin, is waarskynlik om uit te vind of \$50 miljard regtig 'n groot bedrag is. In hierdie geval is dit minder as 1.5% van Nvidia se markkapitalisasie en tensy alle aandele in Nvidia op daardie dag van eienaar verander het, is alle beleggers nie deur die “verlies” geraak nie. Konteks is dus belangrik.

### Wees nuuskierig (“Curious”)

Wanneer ons 'n getal as wapen in 'n argument gebruik, of as hulpmiddel vir ons vooropgestelde idees, leer ons niks nie. Ons behoort statistieke eerder as 'n instrument te gebruik om die wêreld te verstaan, amper soos wat 'n sterrekundige 'n teleskoop sal gebruik. Vra jouself wat 'n statistiek jou werklik oor 'n onderwerp vertel en na watter ander vrae dit dalk ook lei.

Bron: Tim Harford, Open University

Nie een van ons het die tyd om dit vir elke statistiese bewering wat ons teëkom, te doen nie, so 'n goeie gewoonte om aan te leer, is om te vra of die bron van die inligting die “drie C's” respekteer. 'n Goeie joernalis (of skrywer of inhoudskepper) sal jou help om kalm te bly, sal genoeg konteks gee en jou nuuskierigheid bevredig.

Hierdie beginsels sal nie net voorkom dat jy vals inligting versprei nie, dit kan ook van groot hulp wees om sin uit die wêreld te probeer maak. Dit maak jou ook deel van die slegs 7% van die ontvangers van hierdie nuusbriëf wat dit tot die einde gelees het.

<sup>1</sup>Mark Twain kry dikwels die krediet vir hierdie aanhaling, maar daar is geen klinkklare bewyse dat hy dit geskryf of gesê het nie. Studente by die Centre for Mark Twain Studies kon geen bewyse vind wat die toeskrywing aan Twain ondersteun nie. Die aanhaling is ook al met ander humoriste soos Josh Billings, Artemus Ward en Will Rogers verbind, maar dit bly 'n raaisel aan wie dit oorspronklik behoort het.

#### Disclaimer

The information provided is of a general nature only and does not take into account investor's objectives, financial situations or needs. The information does not constitute financial product advice and it should not be used, relied upon or treated as a substitute for specific, professional advice. It is, therefore, recommended that investors obtain the appropriate legal, tax, investment and/or other professional advice and formulate an investment strategy that would suit the investor's risk profile prior to acting on such information and to consider whether any recommendation is appropriate considering the investor's own objectives and particular needs. Although the information provided and statements of fact are obtained from sources that Analytics Consulting considers reliable, we do not guarantee their accuracy, completeness or currency and any such information may be incomplete or condensed. No guarantee of investment performance should be inferred from any of the information contained in this document. Collective Investment Schemes in Securities (“CIS”) are generally medium to long term investments. The value of participatory interests may go down as well as up and past performance is not necessarily a guide to future performance. Any opinions, statements and information made available, whether written, oral or implied are expressed in good faith. Views are subject to change, without prior notice, on the basis of additional or new research, new facts or developments. All data is in base currency terms unless otherwise indicated, and sourced as disclosed.